

Namibië ondervind tans 'n droogte, met die meeste van die land se streke wat ondergemiddelde reënval ontvang het in die reënseisoen wat in Mei tot 'n einde gekom het.

Volgens 'n artikel wat in die Republikein verskyn het, kan daar twee neigings in veepryse in Namibië waargeneem word. Eerstens het speenkalfpryse weens die droogte skerp gedaal, terwyl slagpryse, hoewel dit nie direk deur die droogte geraak is nie, ook besig is om 'n seisoenale daling te volg.

### Speenkalfpryse

Die Namibiese en Suid-Afrikaanse slagbedrywe is nou verwant aan mekaar, met soortgelyke omgewingsfaktore wat 'n rol speel tydens dieselfde tye van die jaar.

Suid-Afrika is ook 'n tradisionele rolspeler in die Namibiese beesvleismark.

Ongeveer die helfte van alle vee wat in Namibië verkoop word, word as speenkalwers aan Suid-Afrikaanse verkopers van die hand gesit. Dit beteken dat diegene wat speenkalwers in Namibië wil grootmaak vir plaaslike slagting, in direkte kompetisie staan met Suid-Afrikaanse voerkrale. Die feit dat Suid-Afrikaanse voerkrale van intensiewe stelsels gebruik maak hou sekere voordele in, soos dat die roetine-aanwending van antibiotika, groeistimulante en hormone baie meer doeltreffend is as in die geval van die ekstensiwe produksiestelsel wat in Namibië gebruik word, wat 'n baie duurder kostestruktuur het.

Meatco het 'n lang termyn ooreenkoms met produsente dat die korporasie hulle ten minste betaal wat hulle op die Suid-Afrikaanse mark vir hul beeste sou kry, as 'n aansporing om meer beeste in Namibië te slag. Vir dié rede maak Meatco van die Rooivleis Abattoirvereniging se pryse gebruik as 'n aanduiding van die pryse wat aan plaaslike boere betaal moet word. Verdere premiums word by die pryse gevoeg om

by dieselfde waarde uit te kom as wat op ander markte behaal kan word, insluitende die Europese Unie en Noorweë.

## Prysdebat

Die Meatco-prys is 'n inherente funksie van die mark, wat op sy beurt bepaal word deur plaaslike, Suid-Afrikaanse en internasionale vraag en aanbod scenario's.

Meatco neem nie per se aan die karkasmark deel nie, aangesien sy beleid van waardetoevoeging die korporasie in staat stel om die karkas, volgens die spesifikasies van die klient, per snit te betaal. Die waardetoevoegingstrategieë stel Meatco verder in staat om waarde van internasionale markte op te neem en dit in die vorm van premiums aan produsente deur te gee.

Suid-Afrika bly 'n belangrike mark vir voorkwarte van Namibië. Die oorvoorsiening van karkasse in Suid-Afrika ná die feesseisoen, veral soos wat die geval oor die afgelope twee jaar was, het 'n invloed op die pryse van Namibië. Dié oorvoorsiening van karkasse het pryse verder afgedwing, in 'n tyd waar die normale lae seisoenale pryse ook ervaar is.

Die situasie is vanjaar uniek in die opsig dat daar droogtes in Namibië en sekere dele van Suid-Afrika was, wat tot oormatige bemarking van beide slagvee en speenkalwers gelei het. Die informele mark in Namibië kan nie die volumes hanteer nie, wat beteken het dat die pryse geval het. Die uitvoermarkte vir karkasse is egter nie op dieselfde manier deur die droogte geraak nie, aangesien daar nie 'n oorvoorsiening is nie.

## Seisoenale beesvoorsiening

Daar is 'n sterk korrelasie tussen die natuurlike produksiesiklus en die wissellende hoeveelhede van omset dwarsdeur die jaar. Sover dit die voorsiening van beeste betref is daar twee duidelike seisoene, naamlik die piekseisoen wat van Maart tot Augustus strek, en die af-seisoen, wat van September tot Februarie strek. Die piekseisoen volg onmiddellike ná die reënseisoen, waar beeste in die meeste dele van Namibië reg is om van die veld af bemark te word.

#### Beespryse: Noordelike kommunale gebiede

Meatco pas 'n kwaliteitsgedrewe prysstruktuur by al sy fabriek toe. Dit beteken dat alle beeste van dieselfde gehalte dieselfde prys sal behaal, ongeag die ligging van die fabriek. Een van die grootste uitdagings van die Noordelike kommunale gebiede is die ouderdom en vetinhoud van die diere wat geslag word, in vegelyking met die grade wat suid van die veterinêre heining geslag word. Tussen 59% en 80% van die beeste wat in die Noordelike kommunale gebied verkoop word, is C-grade, en meestal ou koeie. Die koeie is nou eers in 'n swak kondisie as gevolg van die droogte. In normale jare is 50% van die beeste wat in die kommunale gebiede geslag word, 0-grade, wat beteken dat die diere baie oud en maer is. Weens die droogte sal die persentasie van C-grade en 0-vet-grade na verwagting in 2013 dramaties styg, wat beteken dat pryse nog laer gaan wees. Die vraag na slagdiere is tans baie laag in die kommunale gebiede en baie produsente hou hul beeste terug in afwagting op die veemarkingsintensiefskema van die regering.

#### Daling in speenkalfpryse

Die pryse van speenkalwers het in die periode 2012 tot 2013 drasties verlaag weens 'n verskeidenheid van faktore. Meatco neem nie direk aan dié mark deel nie en kan die pryse van speenkalwers dus nie beïnbloed nie. Dié pryse word in groot mate

deur Suid-Afrikaanse voerkrale beïnvloed, aangesien bykans 50% van die diere wat in Namibië bemark word, as speenkalwers na Suid Afrika toe is

In 2011 is 49% van Namibiese beeste wat verkoop is, lewendig na Suid-Afrika uitgevoer. Dié persentasie het in 2012 na 39% gesak weens laer speenkalfpryse en goeie veldtoestande, wat produsente in staat gestel het om hul speenkalwers in die veld te hou. Uitvoere van speenkalwers sal na verwagting vanjaar weens die droogte redelik drasties toeneem. Die hoë volumes wat in 2013 verwag word, sal in 2014 'n negatiewe uitwerking op die beskikbaarheid van slagbeeste hê. Daar word voorspel dat daar net ongeveer 70 000 beeste vir Meatco beskikbaar sal wees vir slagdoeleindes, waarvan 40 000 direk van boere verkry sal word en 30 000 van Meatco se eie skemas afkomstig sal wees.

Die droogte in sekere gebiede van Suid-Afrika het tot 'n oorvoorsiening van speenkalwers in die Suid-Afrikaanse mark gelei. Dit het 'n situasie geskep waar Suid-Afrikaanse voerkrale genoeg plaaslike voorraad het die hoër beskikbaarheid van Namibiese speenkalwers plaas verder druk op die produsente pryse van speenkalwers in Suid Afrika

Meatco is 'n netto uitvoerder van vleis en die organisasie pas sy produsentepryse aan by dié van ander uitvoerlande in die wêreld. Meatco se produsenteprys het oor die laaste dekade 'n opwaartse neiging getoon, terwyl beesgetalle 'n afname toon.